HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

19 Januarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Spesiale Welkom aan al Hoogland se kinders / jongmense by vanoggend se erediens!

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste dame in die Voorportaal (Sy staan by die tafel by die Hoofingang.)

Nuwe maats wat vandag vir die eerste keer by Hoogland is - bly gerus na die diens, saam met jou ouers, in die kerk agter, sodat jy by jou Geloofsvormingsgroep (sondagskool) ingedeel kan word.

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.

Neem gerus 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens Skoolsak-seën: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG Opening & Ouerontmoeting

Deurkollekte: PE Noord - gemeente

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Snap here to pay
SnapScan
Zapper

Program vir die week:

Sien gerus u 2025 Jaarprogram.

GVG Mentors 2025

GVG bid nog vir Gr 4 & 9 mentors en 'n ekstra paar hande om by Gr 10 te help! Kom meld asseblief aan!

Dankie Hoogland

Dis met dankbare harte wat daar getuig kan word dat MTR Smit se Huis 8 skoolgereed is vir 2025.
Baie dankie vir elke boek, potlood, paar sokkies, skoolhempie, ens wat ontvang is! Soli deo Gloria!

Hoogland Gebedsaksie

Tydens Toewydingsweek 2025 kon Hoogland beleef hoe Jesus self gebid het. Gebed is deel van ons daaglikse lewe …
U kan op twee maniere deel wees van Hoogland se Gebedsaksie:

- Fisies saam te kom bid Maandagoggende om 10:00 in die Gebedskapel
- Gebedsaksie WhatsApp groep - stuur gerus *GEBED met jou naam & van* na 079 815 9325

ONTHOU: Enige gebedsversoek kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Hoogland Noodspens

Na die vakansie is nood groot en die noodspens min. Help asseblief om ander te help. Noodspens benodig dringend:

- **Toiletware:** tandepasta / seep / sjampoe
- **Nie - bederfbare kos:** *White Star* kits mieliemeel pap / imana soya maalvleis pakkies / blikkies *baked beans*, vis (*tuna & pilchards), ens* / 2 min noedels / pasta / konfyt / suiker (250g) / grondboontjiebotter / rys (1kg) / koffie / tee / *samp & beans* pakkies ens.
- **Toebroodjies:** opgemaak in pakkies van 4 snye elk. Hierdie broodjies moet asseblief reeds verpak word in sakkies. Daar kan ook iets soos bv. polonie/ konfyt opgesit word.

Indien u weet van enige ouers / voornemende ouers wat in 2025 wil doop, vra hulle om asseblief Annalize in die kerkkantoor te kontak.

Doopkursus

@HOOGLAND

OUERS & VOORNEMENDE OUERS

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

2025 Doopkursus datums:

4, 11, 18, 25 Februarie
6, 13, 20, 27 Mei
5, 12, 19, 26 Augustus
21, 28 Oktober & 4 & 11 November

Bespreek by Annalize in die kerkkantoor:

- Skakel - 041-367 1485
- Epos - annalize@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

SAVE THIS DATE

WYN OP WOENSDAE

sáám op soek na geleefde wysheid oor:

KUBER VEILIGHEID & AI

22, 29 Januarie & 5 & 12 Februarie

ALMAL IS BAIE WELKOM : OUD & JONK

Ouers: Kom leer wat jou kinders seker reeds weet!

MOET Bespreek by 079 815 9325
Navrae – Leandra

Almal wonder hoe veilig is "*online gaming*" en aanlyn vorms wat jy moet voltooi.
Wie sien al my fotos op Facebook en hoe weet my sosiale media skielik waarin ek belangstel
Kom leer en luister saam!

Bespreek dadelik @ 079 815 9325
Kostes: R50 pp/geleentheid

SAVE THESE DATES

2025 HOOGLAND GEMEENTEKAMPE

- **21 – 23 Maart 2025** (Langnaweek)
- **3 – 5 Oktober 2025** (Skoolvakansie – met die opsie om langer in die skoolvakansie te kamp)

Meer inligting en kostes volg later ...

Uit die Hart ...

Die skole het hierdie week weer begin. Vir sommige beteken dit ook 'n nuwe skool of koshuis. Sommige volwassenes het ook dalk 'n nuwe fase betree byvoorbeeld begin studeer of 'n nuwe werk begin of selfs afgetree.

Gesels bietjie daaroor: Vertel vir mekaar hoe was jou eerste dag?



Waarna sien jy nie uit nie?

Wat gaan dalk anders wees? Hoe voel jy daaroor?

Waarna sien jy uit?

Wanneer ons groot oomblikke in ons lewe ervaar, is dit belangrik dat ons daaroor gesels. Deur daaroor te praat gebeur die volgende: i) ons raak bewus van ons belewenis en emosies daaroor, en ii) ons begin dit verwerk. Dit help ons ook ontdek en onthou dat God by ons is en ons geloof in hierdie tyd vorm.